

Tshwane Sport

3 Februarie 2016

Hou die vroue dop by dié halfmarathon

André Gobey

Op 'n drafstap



Saterdag word die 33ste weergawe van die McCarthy Toyota-padwedloop by die Rietondalepark aangebied. Dié roete is bekend daarvoor dat dit plat en vinnig is.

Die Gauteng-Noord-halfmarathon se padhardlooprekord (1:03:38) is in 1989 deur Matthews Temane by hierdie wedloop opgestel. Sedert daardie jare kon geen man weer daarin slaag om minder as 01:05:00 te

hardloop nie en dit lyk ook nie asof 'n vinnige tyd Saterdag verwag kan word nie. Talle topatlete is gekies om aan die nasionale 10 km-kampioenskap, wat op dieselfde dag in Sasolburg plaasvind, deel te neem.

Wat die vrouewedloop betref is daar 'n groot kans dat die provinsiale rekord van 01:13:12, wat sedert 1997 agter die naam van Lydia Mafula pryk, in die slag sal bly. Dit is nou as Irvette van Zyl daarin kan slaag om voort te bou op die pragtye wat sy in die afgelope twee weke opgestel het. Sy is nie by die Gauteng-Noord-span ingesluit wat aan die SA 10 km-kampioenskap deelneem nie.

In haar opbou na kwalifikasie vir die Olimpiese Spele in Rio later vanjaar het van Zyl 'n tyd van 33:30 op die uiters uitdagende George Claassen-wedloop oor 10 km opgestel en dit verlede naweek met 'n skittertyd van 01:12:08 in die Johnson Crane-halfmarathon in Benoni opgevolg. Sy sal in April probeer om by die London-marathon te kwalifiseer.

Die McCarthy-wedloop begin om 06:00. Atlete kan aan die 21,1 km-, 10 km- of die 5 km-wedloop deelneem. Kontak Hank Bezuidenhout by 083 256 0241 of hank@mics.co.za vir inligting.

● Stuur hardloop- en stapnuus na gobey@telkomsa.net.